

**11 Januarie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 4:1-6:7 (oav)**

**Fokusgedeelte: Levitikus 4:1-12**

**Versoening deur voldoening**

Sonde is altyd duur. Sonde is kontrakbreuk teenoor die Here wat altyd sy verbond met ons hou. Maar hierdie trou van die Here plaas 'n ontsaglike verantwoordelikheid op sy volk om óók getrou te bly teenoor Hom.

Die twee offers wat in ons Skrifgedeelte gereël word, beeld dit duidelik uit. By die sondoffer word dit duidelik gemaak dat ons altyd voor die aangesig van die Here lewe. Ons is nooit buite God se bereik nie.

En hulle wat die grootste verantwoordelikheid dra: die hoëpriester, die priesters en die ander gesagsdraers, moet besef dat ook hulle sonde duur is. Die dominees, die ouderlinge en diakens in die kerk, die gesagsdraers in die staat en die ouers in die huis moet weet dat hulle deur hulle sonde ook skuldig is aan die sonde van die wat hulle voorbeeld volg.

Hulle was – en is – hulle naaste se wagters. Almal met verantwoordelikheid teenoor 'n medemens moet baie tyd in die binnekamer deurbring om met berou versoening af te smee deur die bloed van Christus.

Maarten Luther het nagte aaneen deurgekniel met die uitroep: “My sonde, my sonde.” Gelukkig het hy die Sondeversoener van Wie die sond- en skuldofferdiere van Levitikus die voorafskaduwing was, in die Skrif ontdek. Daardeur het hy tot 'n seën geword vir baie.

*Sing: Psalm 65:1, 2*

*Ds LH Stavast (Emeritus)*

